

Jong ombuddiens kort skaafwerk

**TERTIUS
MAREE**

tertius@section.co.za



DEELTITEL- FORUM

Ons ombuddiens vir gemeenskapskemas is nog 'n jongeling.

Daarbenewens sal die howe en die wetgewer nog heelwat skaafwerk aan sy doen en late moet doen voordat sy funksies en werkzaamhede glad en doeltreffend kan verloop.

En dat skaafwerk nodig is, het pynlik duidelik geblyk uit die korrupsieskandaal wat hom so vroeg in die instelling se leeftyd afgespeel het.

Vir my selfs méér kommerwekkend is die diens se onbekwame hantering van die massa registrasies wat ná 7 Oktober 2016 moes plaasvind – toe die nuwe wetgewing eers in werking getree het.

Daar is selfs vandag nog skemas wat kla dat hulle steeds geen ontvangserkenning van die ombud ontvang het nie.

Is dit groeipyne? Ja, ons moet seker aanvaar dat dit iets is wat

met tyd (waarskynlik Afrikatyd) sal verbeter.

Die 2018-uitspraak van die hooggeregshof in Kaapstad in die saak tussen Shmaryahu en The Avenues-regspersoon het 'n aantal punte aangeraak wat betrekking het op die funksies en prosedures van die ombuddiens.

Ek het reeds voorheen in DeeltitelForum van dié saak melding gemaak, maar die uitspraak het verskeie omstredende punte aangeraak – met bevinde dinge waarmee ek meesal saamstem. Waarmee ek egter nie saamstem nie, is die onrealistiese beperking wat dit op die jurisdiksiemagte van die ombuddiens plaas.

Volgens die hofuitspraak kan ek as eienaar nie aan die ombud se deur klop wanneer die trustee my heffings verkeerd aanslaan nie!

Hoe kan hierdie wanvoorstelling uit die weg geruim word?

Die enigste wyse waarop dit reggestel kan word, is by wyse van 'n appêlhofbeslissing – wat nie nou sal gebeur nie. Dit, of 'n moontlike wetswysiging wat

slegs met die verloop van Afrikatyd dalk mag plaasvind.

En hier is my punt: Afrikatyd gaan eenvoudig nie werk nie.

'n Bekende firma het in sy onlangse nuusbriëf verduidelik hoe die ombuddiens teen lae koste gebruik kan word om agterstallige heffings in te vorder.

Ek was teleurgesteld toe ek dit lees, want dit was duidelik dat die skryfster geen begrip het van

die noodsaaklikhede ten opsigte heffing-invoorders nie.

Die ombudproses word begin met die voltooiing van 'n voorgeskrewe vorm vir 'n aansoek aan die ombuddiens.

Hierdie aansoek word met sekere bewysstukke aan die ombud gestuur.

In terme van die bepaling van die ombudwet kan die ombuddiens dan 'n bevel vir die betaling van die skuld uitreik.

Hierdie bevel kan tot 'n hofbevel omskep word en normale hofprosedures kan dan volg.

Dié bevel kan gepaardgaan met 'n bevel teen enige huurder om die huurgeld regstreeks aan

die regspersoon, en nie aan die eienaar nie, te betaal.

Wonderlik, nie waar nie? Maar wat help dit as die aansoek in Januarie ingedien word, en die ombud se reaksie eers in Maart ontvang word?

En wat gebeur intussen met die heffings wat verder agterstallig geword het? 'n Opeenhoping van aansoeke? Dit kan tog nie werk nie.

Ek dra net regstreekse kennis van wat in my eie kantoor gedoen word, maar dit is waarskynlik dat dieselfde situasie hom ook by ander prokureursfirmas afspeel.

Kom ons vergelyk 'n prokureursfirma se dienste met dit wat die ombud doen:

Die trustee of bestuursagent voorsien die firma van 'n lys van agterstallige eienaars, asook hul besonderhede sodat ons hulle kan dagvaar.

'n Aanmaningsbriëf word die volgende dag aan die skuldenaars uitgereik. Dit word in minder as 'n week met telefoonoproep opgevolg, waarna meer inligting verkry word, betalings geskied of reëlings om te betaal gemaak word.

Daar is ook vroeë en besware wat hanteer moet word.

Hierdie heen-en-weer-kommunikasies is aan die kern van doeltreffende skuldinvordering.

Formele stappe soos dagvaardings, vonnisse en lasbriewe is maar net die uiteindelijke regsmiddels indien die skuldenaar nie oorreed kan word om te betaal nie.

My firma se ervaring is dat so min as 5% van die sake wat vir skuldinvordering oorhandig word, op dagvaardings uitloop.

En dit is hier waar die ombuddiens heeltemal te kort skiet.

Van die ombud kan geen kommunikasie – daaglik of andersins – verwag word om balanse vas te stel, regstellings te maak, reëlings te tref en geskille te besleg nie.

Probeer jy dit self maar en kyk wat gebeur.

Daar is 'n indruk onder mense dat prokureurs baie geld verdien vir min werk.

Die hoeveelheid harde en aanhoudende werk wat gedoen moet word om sukses te behaal, word nie altyd raakgesien nie.

Om 'n doeltreffende invorderingspraktyk te bedryf kos geld, en trustee moenie hulself laat flous om te glo dat die “goedkoop” ombuddiens vergelykbare resultate sal lewer nie.

Nee, ek is bevrees wat sowel die invordering van heffings as ander aspekte soos die goedkeuring van reëls betref, is Afrikatyd eenvoudig net nie goed genoeg nie.